Neem, lees!

Nagedink oor die lees van die Bybel vandag

DEEL 2



Dirkie Smit

Mense word aangeraak deur die lees en hoor van die Bybel, deur daaroor na te dink en met ander daaroor te praat en deur die verhale van hoe dit ander getroos, besiel en versterk het. Deur die Woord hoor ons Gods Woord. Deur die eeue het die kerk dié ervaring op verskillende wyses probeer verwoord: deur beelde, uitdrukkings, vergelykings, metafore, baie daarvan aan die Bybel self ontleen. Elkeen van hierdie beelde beklemtoon 'n ander aspek van hierdie één ervaring, dat God met ons praat deur die Woord. In die vorige uitgawe van Kruisgewys het ons nagedink oor die eerste van dié beelde: die Woord as spieël. Hier praat ons oor die Woord as stem, nog 'n beeld wat 'n ander aspek van die wonderbare werking van Gods Woord probeer uitdruk. In volgende uitgawes kom die beelde van die Woord as bril en as lamp en as huis aan die beurt.

Stem

Lees: Heb 1:1-4, 2:1, 3:7, 12-13, 15, 4:7, 12-13; Rom 10:8-17

1

Voor ons kan sien, moet ons hoor. Die Bybel is 'n spieël, ja, waarin ons sien – onsself, Jesus Christus, die aangesig van God – maar om dit te kan sien, moet ons leer hoor. Dit is asof die voorstelling van die Bybel as 'n spieël nie genoegsaam is nie, asof dit selfs misverstande kan oproep, die soort misverstande waarvolgens ons begin dink dat dit binne ons eie vermoë is om te kyk en te sien en te verstaan – onsself, Jesus Christus, God – en begin vergeet van die raaisels en die vrae, die hardheid van ons harte, die sluier oor ons denke, van ons eie onvermoë om self te sien en te verstaan. Die idee van 'n spieël wek immers

assosiasies op van iets wat óns doen, óns kyk, óns sien, óns verstaan, en dié assosiasies mag ons dalk mislei.

Daarom ken die Bybel en die Christelike tradisie ook ander beelde, ander soorte metafore, voorstellings, segswyses, om te onderstreep dat dit nie van ons afhang nie, maar van God af kom. Beelde om te beklemtoon dat Gods Gees ons moet bevry, dit aan ons moet gee, sodat ons sal kan sien. Daar is seker nie 'n bladsy in die Bybel waarop ons nie hierdie beelde of voorstellinge teëkom nie, van die heel eerste bladsye van Genesis tot die heel laaste bladsye van Openbaring. Trouens, dit is so deur die hele Bybel aanwesig, so vanselfsprekend, so basies, dat ons so gewoond kan raak daaraan dat ons dit later dalk glad nie meer agterkom nie.

Alles hang af van die hoor van Gods Woord

Dis die voorstelling dat God, die lewende, heilige, grote, ewige Drie-Enige God, met ons praat. Dat God 'n sprekende God is. Dat God sê. Dat God 'n stem het, kan 'n mens sê. Dat God spreek. Dat God roep, meedeel, onderrig, kommunikeer, woorde gebruik, boodskappers stuur, skryf en laat skryf, waarsku, verkondig, leer, belowe, aankondig, beveel, vertroos, noem. Ons hoor dit in al hierdie werkwoorde, wat voortdurend in die Bybel self gebruik word. Dis die oortuiging dat Gods woorde, Gods stem met ons praat. Toe het God gesê – so begin Genesis. En Hy wat alles getuig, sê – so eindig Openbaring. En daartussen hoor ons dit op elke bladsy. God sê.

2

Twee gedeeltes wat daaroor praat is Romeine 10 en Hebreërs – maar dis eintlik 'n willekeurige keuse, 'n mens sou ewe goed talle ander gedeeltes hieroor ook kon lees en bedink om dieselfde oortuigings en dieselfde beeldspraak teë te kom. Dit is ten diepste waarom dit in die Bybel en volgens die Bybel gaan. God praat met ons.

In Romeine 10, 'n sleutelhoofstuk in Paulus se uiteensetting van God se evangelie van genade, vanaf hoofstukke 1-11, skryf hy dat die Skrif – en hy bedoel die Ou Testament, in Deuteronomium – al sê dat die woord, Gods woord, naby ons is, naby ons gekom het, in ons mond en in ons hart (10:8). Die woorde van God is die boodskap van die evangelie, van die geloof, wat verkondig word. Dis die woorde dat Jesus die Here is en deur God uit die dood opgewek is (10:9). As ons dit bely – wat letterlik beteken: daarmee saamstem, dit saam-sê, ook so praat – dan word ons gered, en nooit teleurgestel nie, ongeag wie ons ook al is of mag wees (10:10-11). Maar hoe kan ons glo, en bely, en Hom aanroep en op Hom vertrou, as ons nie van Hom gehoor het nie? vra Paulus (10:12-13), as iemand nie gepreek het nie, ons nie hiervan vertel het nie (10:14)? En hoe sou iemand ons vertel het as hulle nie dit ook eers gehoor het, en gestuur is om dit, hierdie wonderlike goeie boodskap, verder te vertel nie (10:15)? Dis tog absoluut duidelik, vat hy saam. Die goeie nuus – van Gods liefde en vrye guns, van Jesus Christus, die Here, wat leef – kom dus deur die prediking wat 'n mens hoor, en dié prediking is die verkondiging van Christus (10:16-17). Alles, alles hang af van die hoor van Gods Woord.

In Hebreërs is die skrywer besig om gelowiges te bemoedig, te troos en weer aan te spoor wat begin om te twyfel, om moedeloos te word en selfs terug te deins vir die prys wat hulle miskien sal moet betaal vir hulle geloof, gelowiges wat neig om hulle vroeëre geesdrif, entoesiasme, ywer, toewyding te verloor, gelowiges wat begin wonder of dit regtig so die moeite werd is om nog Christene te wees. En hoe doen hy dit? Hoe bemoedig hy hulle, hoe spoor hy hulle aan? Deur hulle te herinner hoe wonderbaar Jesus Christus is en hoe wonderbaar die woord oor Jesus Christus is wat hulle gehoor het.

Waarom is Jesus Christus so wonderbaar? Want Hy is Gods lewende, persoonlike Woord tot ons, aan ons eie adres gerig, in ons eie dag en eie tyd, sodat ons in Hom Gods eie stem met ons hoor praat! Wat meer as dit sou ons harte ooit kon begeer? Hoe sou ons ooit, ooit moeg kon word, vermoeid, afgestomp, byna verveeld en teleurgesteld, hiervan? wil hy eintlik weet.

In die verlede het God baie keer en op baie maniere met ons voorouers gepraat deur die profete, skryf hy, maar nou, in hierdie laaste dae, het Hy met ons gepraat deur die Seun (1:1). Uit Hom straal die heerlikheid van God (1:3). Dis dié dat hulle, ja dat ons, so kragtig moet vasgryp aan hierdie Woord wat ons gehoor het, sodat ons nie dalk sal wegdrywe nie (2:1). Die woorde van engele is niks, niks in vergelyking met hierdie Woord van God wat ons gehoor het en steeds weer hoor nie! As iemand beïndruk sou wees as engele aan hulle verskyn en met hulle praat, moet hulle begryp ons het veel, veel meer gehoor in hierdie wonderbare Woord (2:2-18)! Dáárom – omdat hierdie Woord so heerlik, so groots, so wonderbaar is – moet hulle, moet óns luister na wat die Heilige Gees sê: Vandag, as julle sy stem hoor, luister, gee ag, gee gehoor (3:7), en telkens herhaal hy hierdie presiese woorde (3:15; 4:7).

Wat meer as dit sou ons harte ooit kon begeer?

Die Woord – sê hy samevattend – die Woord van God is lewend en kragtig. Dit is skerper as enige swaard met twee snykante en dring deur selfs tot in die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg. Dit beoordeel die bedoelings en gedagtes van die hart. As God met ons praat dan word alles blootgelê, ook wat ons andersins mag probeer wegsteek en ontken. Daar is niks in Gods grote skepping – nie in die diepste verborge binneste van ons eie gemoedere, en niks in die grote hemelsfere – wat vir God onsigbaar is nie. Voor Hom lê alles oop en bloot – voor dié Een wat vandag nog, asof met sy eie stem, met ons praat (4:12-13).

Die Woord van God is lewend en kragtig.

3

Dis die geweldige punt, die diepste belydenis van die Christelike geloof. Die lewende, grote God voor wie die ganse skepping blootlê as die werk van sy eie hande, praat met ons in Jesus Christus deur sy Woord en Gees, vandag nog, asof deur sy eie stem.

Daar is niks meer fundamenteel, dieper, meer geweldigs, as híérdie belydenis nie.

Deur die loop van die eeue was dit die basis, die grondslag, die fondament, van die Christelike kerk se geloof, van die lewens van Christenmense.

In die tyd van die Hervorming het dié belydenis as 't ware weer opnuut deurgebreek soos 'n weerligstraal en die kerk en die samelewing van binne uit vernuwe. 'n Mens kan die tyd van die Hervorming op baie maniere beskryf, en historici doen dit dan ook. Een van dié maniere is om te sê dat daar 'n diepe verskuiwing in vroomheid, in Christelike spiritualiteit, plaasgevind het, in talle omgewings en lande. Watter verskuiwing was dit? Presies die een waarvan ons nou hier praat. Die bewussyn, die besef, die oortuiging het al verder uitgebrei, by al hoe meer mense posgevat, dat ons in ons geloof nie maar bloot net met die kerk te doen het nie, maar ten diepste met die lewende, persoonlike God Self. Ons het in ons geloof en in ons godsdiens nie maar net met die kerk te make nie, met 'n menslike instelling en sy gesagsfigure en -vergaderings, sy boeke, sy kennis, sy lering, sy tradisie en sy besluite nie, het die Hervormers begryp, maar met die lewende God Self. Ons leef

coram Deo, het hulle graag gesê, voor die aangesig van die lewende God Self, dié lewende God wat vandag met ons praat deur sy Woord en Gees, asof met sy eie stem.

Daar is 'n aangrypende studie in Nederland geskryf oor die lewe en denke van Martin Luther, met presies hierdie titel, coram Deo, voor die aangesig van God, wat vertel hoe geliefd hierdie uitdrukking by hom was, hoe diep hy hiervan oortuig, ja, deurdronge was. God is 'n sprekende God, die Deus loquendi, 'n God wat praat, het hulle bely. In sy Woord, ja, selfs in die uitleg van sy Woord, het ons sy eie lewende spreke te make, het hulle bely, met die viva vox evangelii, die lewende stem van die evangelie, die direkte hoor van Gods lewende beloftes.

Ons luister na ons eie stem en ons eie keuses en ons eie wil.

Praedicatio verbum Dei est verbum Dei, die prediking van die Woord van God is sélf die Woord van God, het van die vroegste Gereformeerde belydenisskrifte hierdie belydenis, hierdie oortuiging tot sy mees radikale formuleringe gevoer. Sterker kan dit nie eintlik uitgedruk word nie – en tot vandag toe staan op baie kansels in baie gemeentes van die Hervorming geskrywe: So sê die Here. Dis geweldige woorde, en 'n geweldige aanspraak en oortuiging. Ons hoor in Jesus Christus en deur sy Gees in die Bybelse geskrifte, as ons dit self lees, of as ander ons daarvan vertel, oor wat hulle gelees en gehoor het, niks minder nie, niks anders nie asof die stem van die lewende God Self, wat met ons praat.

4

Dis ondenkbaar dat daar mense sou kon wees wat nie totaal oorweldig staan deur hierdie belydenis nie. As enigiemand dit vanselfsprekend mag vind, maklik om te glo, dan is so iemand voorwaar volkome afgestomp vir die onvoorstelbare wonder hiervan. Dat God spreek, dít spreek nie vanself nie!

Daar was altyd mense en daar is talle in ons tyd vir wie dié belydenis net geen sin maak nie. Ons leef in 'n tyd, die sogenaamde moderne tyd, waarin ons outonoom geword het, letterlik: vir onsself tot wet, tot norm, tot woord. Ons besluit self, ons bepaal self, ons sê self. Ons luister na ons eie stem en ons eie keuses en ons eie wil – en uiteindelik, ten diepste, na niemand of niks anders nie.

Meer as enige ander uitdrukking beskryf dít die lewensgevoel van ons tyd, van ons samelewings, van ons eie harte. Dis wie ons is: mense wat, as dit regtig saak maak, na onsself luister, na ons eie mening en wense en belange, na ons eie stem. Ons leef in 'n tyd waarin ander stemme, die stemme van ander, feitlik van alle gesag gestroop is. En dis begryplik dat baie mense, dat baie van ons nie juis behoefte of plek het – in só in tyd – aan enigeen wat met ons praat, aan hulle stemme en aan wat hulle vir ons te sê het nie – en allermins aan God.

Sommige wat wel verkies om nog die woord "god" te gebruik bedoel dan ook daarmee doelbewus – en hulle erken dit dikwels openlik – eintlik maar net hulle eie stem, hulle self. So sê baie wat vandag graag praat van "gesprekke met God" dat dit natuurlik ten diepste maar net self-gesprekke is, innerlike dialoë met jouself, met – wat hulle graag noem – die "goddelike" in jouself, die "god" in jou jouself, die "goddelike" kant van jou eie hart en gevoelens. Dis miskien kenmerkend van die sogenaamde spiritualiteit of geestelikheid van ons dag en tydsgees, meer as enigiets anders. En in enige boekwinkel sien 'n mens die rye en rye boeke staan wat sulke self-gesprekke met die eie hart en die eie, innerlike gevoelens help bevorder, onder die naam van spiritualiteit.

Nou is selfgesprek, eerlike stilword en selfondersoek, eerlike nadink oor jou eie

lewe inderdaad heilsaam, belangrik, nodig, baie goed vir ons almal, en iets om na te streef en gereeld te beoefen, veral in ons besige, gejaagde lewens. Maar – hoe nodig ook – hierdie soort selfgesprekke, waar 'n mens eintlik eerlik leer luister na jou eie stem, bly iets radikaals anders, iets ligjare verwyder, van hierdie belydenis wat die hart van die Christelike geloof uitmaak, dat God met ons praat deur sy Woord, ja, ook oor óns praat, oor ons diepste gedagtes en behoeftes, dat God na ons kom en vir ons sê wat ons nie self kon uitdink of sê nie, wat ons andersins nooit sou kon hoor of weet nie.

5

Dis egter van die allergrootste belang om hierdie belydenis reg te verstaan, en ook nie daarmee in 'n ánder soort misverstand te verval nie. Die Christelike kerk, en die gelowiges van die Hervorming, glo naamlik nie in die Bybel nie, maar in die God van die Bybel. Ons glo nie in 'n boek nie, maar in die lewende, sprekende God, wat vandag nog, deur sy Woord en Gees, hierdie boek lewend maak, asof as sy eie stem.

... en om te kan hóór, moet ons leer luister, leer afwag ...

Die Bybel is 'n menslike geskrif, eintlik 'n biblioteek van menslike geskrifte, van talle verskillende boeke, literatuursoorte, genres – verhale, spreuke, volkswyshede, liedere, gebede, briewe, van persoonlike briewe tot omsendskrywes, mites, geslagsregisters, klaagliedere by begrafnisse, wettekodekse uit antieke en vir ons vreemde kulture, profesieë, legendes, apokalipse, visioene, lewensbeskrywings, preke, historiese optekeninge, kronieke van koningshuise, getuienisse, noem maar op. Dis boeke, geskrifte geskryf deur mense, gewone mense soos ons, soms geleerdes, soms eenvoudig, in vir ons vreemde tale, in en vir en as deel van vir ons vreemde kulture en tydperke, onder totaal verskillende omstandighede as ons s'n vandag.

Daarom is dit nodig dat ons hierdie geskrifte sal eerbiedig, sal respekteer, vir wat hulle is. Dat ons met alle middele en kennis en navorsing en insig tot ons beskikking hulle sal probeer verstaan in hulle eie bedoelinge, wat beteken dat ons hulle juis as historiese dokumente sal bestudeer, as geskrifte van hulle eie tyd, en as literêre dokumente, elkeen volgens hulle eie genre en styl en destydse bedoeling. Ons kan nie maar net die eie gedagtes in ons hart aan tekste koppel, so op die woorde en die klank af nie. Ons moenie die Bybel verander in 'n towerboek, in 'n geheimsinnige orakel, en geestelike betekenisse daaraan begin toeken nes ons mag voel nie. Dan eerbiedig ons nie hierdie Woord vir wat dit is, naamlik die Woord van God nie.

Nee, ons eerbiedig hierdie geskrifte as ons saam met die kerk begryp en bely dat hulle juis sáám, in hulle eenheid, ás menslike geskrifte, getuig van Jesus Christus, die Here, wat deur God opgewek is uit die dood. As ons begryp en bely dat ons in Hom asof die stem hoor van die Drie-Enige God Self, in Hom die aangesig sien van die lewende God, en daarom onsself, met al die raaisels en vrae van ons eie lewe en ons eie tyd, ook in 'n nuwe lig begin sien.

Al hierdie geskrifte sáám, al hierdie menslike, historiese dokumente tesame vorm 'n boodskap, 'n storie, 'n verhaal, 'n getuienis, 'n stuk verkondiging; dit word almal tesame die stem van die lewende God, wat deur sy Gees sy kerk deur die eeue en die gange van die geskiedenis lei en bewaar en verlos en vertroos.

Om gevolglik te kan sien, in dié spieël, moet ons eers hóór, en om te kan hóór, moet ons leer luister, leer afwag, en vertrou, dat Hy vandag nog met ons praat, asof deur sy eie stem.